13528
HATFIELD, 0028, SA

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

kommunikasie@ngkerk.org.za

KMDR

Kerklike Maatskaplike Diensteraad

Geregistreer as organisasie sonder winsoogmerk NPO 001-694

Nuusbrief

Jaargang 8 Nommer 1 **Februarie 2013**

KMDR: Statistiese gegewens

In hierdie nuusbrief gee ons aandag aan die statistiese gegewens van lidorganisasies se werksaamhede die afgelope finansiële jaar.

Neem gerus daarvan kennis en gebruik dit waar jy dit nodig mag vind.

Dit is natuurlik hartseer, en ironies, dat hierdie gegewens juis in "Swart Februarie" uitgestuur word, want dit laat die vraag ontstaan wat die impak van ons dienslewering is. Dit is duidelik dat ons baie regkry – 1,2 miljoen mense word bereik, meer as 2% van die bevolking van Suid-Afrika.

Maar hoekom kry ons dit nie reg om die siel van ons nasie te verander nie? Is dit dalk omdat ons lidorganisasies net die formele maatskaplike dienste lewer, sonder om ook die hart van mense te bereik? Hoe bereik ons die siel van ons nasie, sonder om ons professionaliteit te verloor?

Ek dink nie die oordrag van Christelike beginsels, norme en waardes, aan die een kant en professionele maatskaplike dienslewering aan die ander kant, staan teenoor mekaar nie.

Groetnis
Dr Botha van aarde

In hierdie uitgawe:

1. KMDR Statistiese gegewens
2. NG Kerk huil oor swart Februarie
3. Armoede: Hoe ernstig is die (NG) Kerk met die wêreld?
4. Matriks vir Statistiese Inligting van Kerklike Maatskaplike Dienste

DIE NG KERK HUIL OOR SWART FEBRUARIE!
-'N (PERS)HARTSVERKLARING-

Is dit 'n persverklaring of 'n hartsverklaring?
- Besluit maar self.

Die afgelope paar Algemene Sinodes het elke keer afgesluit met 'n persverklaring, 'n roepingsverklaring, 'n hartsverklaring. Dit het nogal die styl van die meeste sinodes in die NG Kerk geword, om 'n roepingsverklaring aan die einde van 'n sitting te maak. En elke keer is 'n belangrike deel van daardie roepings-

Blaai asb na bl 2

Vervolg van bl 1

verklaring aan die Kerk se rol en roeping in die samelewing spandeer.

"Ons is hier!" "Ons wil hier wees." "Ons wil hier, in Suider Afrika, 'n verskil maak." "Ons glo die Here wil ons hier gebruik."

Binne die NG Kerk vra ons vrae soos wat die Kerk aan armoede kan doen, of hoe ons kan bydra om die spiraal van geweld in die land te breek. En ons voel goed daaroor – die kerk mag mos maar 'n keer goed voel oor 'n besondere stuk betrokkenheid by die gemeenskap.

Maar toe kom **swart Februarie 2013!** In swart Februarie hoor ons van Anene Booysen van Bredasdorp wat 'n grusame, onmenslike dood sterf aan die hand van verkragters. Ons hoor van die soveelste kleuter wat verkrag word. Ons sien amper elke aand op TV van nog geweld, geskiet, verongeluk, vermoor, vermink….

En op valentynsdag verloor Suid-Afrika 'n mooie dogter en een van sy sporthelde! Die diepe hartseer van die tragiese verhaal van Oscar en Reeva maak ons lam. Maar die kruheid van sosiale netwerke en die ongenaakbaarheid en liefdeloosheid van mense se veroordelings maak dat ons harte breek.

Wat het van ons nasie se siel geword? Hoe kry mense (tog nie diere nie) dit reg om 'n mes in 'n ander persoon se lyf in te druk of om iemand wat klaar ontbloot op die grond lê, te skop, of om iemand tot die dood toe te vermink? Hoe gebeur dit dat iemand so bang word vir hierdie goed, of so kwaad word oor hierdie goed, dat hy iemand anders, blind van vrees of blind van woede, blindelings deur 'n toe deur skiet?

Nou vra die koerante en die publiek en wie ookal, dikwels beskuldigend, wat doen die NG Kerk en wat sê die NG Kerk nou eintlik oor dit alles? Miskien sukkel die kerk in swart Februarie om te praat, … want ons huil te veel. Ons harte is stukkend, want ons roepingsverklarings het nog niks verander nie. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap waarin ons graag kerk wou wees, en waaraan die Here ons verbind het, so glo ons, het sy siel verloor!

Die NG Kerk praat in swart Februarie dalk min omdat ons huil, maar ons bly getrou aan ons roepingsverklarings deur aan te hou doen! Die jongste statistiese gegewens van die formele maatskaplike dienste van die NG Kerk vertel die verhaal van 842 232 persone wat verlede jaar op die een of ander manier na 'n veiliger posisie begelei is. Maatskaplike werkers het hierdie groep mense, gesinne en kinders, gehelp om uit 'n onveilige en slegte situasie na 'n beter situasie te verskuif. Ons praat van kinder- en gesinsorgdienste wat eintlik mooi sê wat dit is.

En vorentoe sal die kerklike maatskaplike werkers voortgaan om te doen wat ons hand vind om te doen en mense so goed ons kan, beveilig! In 2013 gaan die NG Kerk maar aanhou om kerk te wees en 'n bydrae in hierdie mooi land van ons te probeer maak, al is dit dikwels so tussen die trane deur.

Dr Botha van Aarde.

Die laaste klompie jare praat en dink die Kerk, ook die NG Kerk, dikwels oor haar betrokkenheid in die wêreld. Dan sê ons dinge vir mekaar soos, "*die Kerk van Jesus is die enigste instansie in die wêreld wat eintlik vir sy nie-lede bestaan",* of, *"ons (die kerk) is hier ter wille van die wêreld".* Twee sake lê die laaste tyd al swaarder op die kerk se agenda.

Blaai asb na bl 3

Armoede

Vervolg van bl 2

Die konsep van **missionêre of missionale gemeentes**. Dit gaan daaroor dat ‘n gemeente (kerk) se hele bestaan op die wêreld daarbuite gerig moet wees. Die vraag is nie hoe onderhou ons onsself nie, maar wat beteken ons vir die gemeenskap waarin ons kerk is.

Veral in Suid-Afrika weeg die hele saak van **armoede** ook swaar vir die kerk. By die laaste Alg Sinode is dit weereens as ‘n fokus vir die kerk geïdentifiseer. By die meeste (streek) sinodes was die saak van armoede ook hoog op die agenda, met die vraag wat die NG Kerkfamilie regtig daaraan kan doen? Die ASM (Alg Sinodale Moderamen) het selfs ‘n taakgroep aangewys om ‘n bietjie na te dink oor die NG Kerk se betrokkenheid by die armoede in ons land.

Drie dinge het gou duidelik geword. Armoede is nie ‘n eenvoudige of enkelvoudige saak nie. Trouens, dit is bykans onmoontlik om ‘n generiese ***definisie*** vir “armoede” te gee. Miskien is die beste definisie van iemand wat arm is, ‘n persoon is wat *skaam is oor hoe hy/ sy leef.* Armoede het dus ‘n dieper dimensie as bloot materiële nood.

Dit het ook gou duidelik geword dat die kerk, met haar krimpende hulpbronne, ***nie alleen*** ‘n groot verskil in die armoede van ons land, en Suider-Afrika, kan maak nie. Ons sal moet inskakel by programme en inisiatiewe van die staat! Die Kerk moet kennis neem en saamwerk aan die inisiatiewe van die Nasionale Beplanningskommissie onder leiding van minister Trevor Manuel.

Die derde saak waaroor ons moet nadink is die vraag ***wat die Kerk reeds doen***. Soms vergeet mense dat die NG Kerkfamilile reeds baie wyd en diep by armoede en die opheffing van gemeenskappe betrokke is. Die formele maatskaplike dienslewering van die NG Kerk-familie vir die vorige boekjaar lyk soos volg.

TOTAAL: 1,215 659

Die statistiese gegewens regs bo wys dat die NG Kerkfamilie die vorige jaar formele maatskaplike dienste aan 1,215 miljoen mense gelewer het. Dit is die hoeveelheid mense wat in verskillende vorme van armoede vasgevang was, en wat op een of ander

manier die hand van die kerk op hul skouer gevoel het. In ‘n land met ‘n bevolking van ongeveer 50 miljoen, is dit meer as 2% van die burgers van Suid-Afrika wat deur die formele werk van die NG Kerk bereik is! (Dit sluit natuurlik nie die gemeentes se eie projekte in nie.)

En hoeveel het dit gekos? – **R829 210 650** = R829 miljoen. Baie van hierdie geld kom van die staat in die vorm van subsidies. Vir sommige dienste, soos die verblyf in ‘n tuiste vir bejaardes, moet mense maar self ‘n persentasie bydra, en ander fondse kom weer van donateurs. Dit is egter belangrik om te weet dat ‘n aansienlike deel van die bogenoemde geld uit die sakke van ons kerklidmate kom. Maak jy verder somme, beteken dit dat die gemiddelde koste om iemand in nood te help R682 vir die jaar was. Dit is minder as R57 per maand. Dit is min of meer die kostes van ‘n goeie bottel wyn, of ‘n lekker hamburger en tjips per maand.

En dan vra die mense en die koerante en die radio, “***wat doen die Kerk nou eintlik***”. Daar is selfs nog baie mense wat dink, (en hul onkunde oor RSG se inbel-programme uitspreek) dat die kerk uit ooms en tannies bestaan wat net oor jou kleredrag skinder, o ja, en dominees wat net almal mooi motors wil ry!

Ai tog!

Hoe ernstig is die NG Kerk met die wêreld? Ons sou die vraag selfs in terme van Joh 3:16 kon vra: *God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het….* Hoe lief het die NG Kerkfamillie die wêreld?

Hoe lief het jy die wêreld? – Kom werk en dien saam!

Dr Botha van Aarde

Matriks vir Statistiese Inligting van Kerklike Maatskaplike Dienste

(Namibië uitgesluit)

LID-ORGANISASIES	Kinder- & Gesinsorg Dienste	Residensiële Kinder- & Jeugsorg	Bejaardesorg: Residensieel & Dienssentrums	Ontwikkeling & Materiële Armoede-verligting	Spesialiteitsdienste / Spes behoeftes / MIV, CAD, ens	Totale aantal persone bedien	Finansiële Omset	Per capita / jaar
NG Barmhartig-heidsdiens *Sinode Hoëveld*	11 907	1 079	1 015	30 413	1 391	45 805	R 121 115 258.00	R 2 644.15
NG Welsyn Noordwes *Sinode Wes-Transvaal*	16 996	367	1 511	14 078		32 952	R 70 141 152.49	R 2 128.59
SKDBM	26 000	460	1 188		550	28 198	R 62 000 000.00	R 2 198.74
CMR Noord *Noordelike Sinode*	7 369			6 637	602	14 608	R 6 389 074.00	R 437.37
Kwa-Zulu Natal Christelike Maatskaplike Dienste *Sinode Kwa-Zulu Natal*	22 660	472	144	42 675	1 915	67 866	R 32 907 311.00	R 484.89
Badisa *NGK Sinode Wes- en Suid-Kaap & VGKSA Sinode Kaapland*	633 714	668	8 969	3 274	42 930	689 555	R 349 896 763.00	R 507.42
ENGO *Sinode Vrystaat*	11 269	998	17 468	56 741	28 451	114 927	R 130 884 581.00	R 1 138.85
CMR Oos-Kaap *Sinode Oos-Kaap*	25 000			15 158	12 161	52 319	R 15 290 873.00	R 292.26
NG Welsyn Noord-Kaap *Sinode Noord-Kaap*	6 995	147	296	6 603		14 041	R23 235 029.00	R 1 654.80
CMR Mpumalanga	75 337			51 537	2 366	129 240	R 29 078 234.00	R 224.99
CMR Gauteng-Oos *Oostelike Sinode*	4 985			21 163		26 148	R 11 507 404.00	R 440.09
TOTAAL	842 232	4 191	30 591	248 279	90 366	1 215 659	R 829 210 650.49	R 682.11